

Skriflesing: 2 Samuel 13: 1 -22Teks: **2 Samuel 13: 20c**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 36:2,3****TYDENS EREDIENS – Ps. 98:1,2; Ps. 32:1; Ps. 36:1; Ps. 118:8****2 Samuel 13: 1 -22**

2Sa 13:1 Toe het daar 'n ding gebeur. Dawid se seun Absalom het 'n mooi suster gehad met die naam Tamar. Amnon, 'n ander seun van Dawid, het op haar verlief geraak.

2Sa 13:2 Hy was siek van begeerte na sy suster Tamar, want sy was nog 'n maagd en dit was vir hom onmoontlik om by haar te kom en iets aan haar te doen.

2Sa 13:3 Amnon het 'n vriend gehad. Sy naam was Jonadab, 'n seun van Dawid se broer Samma, en hy was 'n vindingryke man.

2Sa 13:4 "Waarom lyk jy wat 'n koningskind is, dag vir dag so bedruk?" het hy vir Amnon gevra. "Vertel my!" "Dis Tamar, my broer Absalom se suster," was sy antwoord. "Ek is verlief op haar."

2Sa 13:5 Jonadab het hom toe aangeraai: "Gaan lê op jou bed en maak of jy siek is. As jou pa dan kom kyk hoe dit gaan, moet jy vir hom sê: Laat my suster Tamar tog vir my iets te ete bring. Laat sy die ete hier by my kom voorberei dat ek dit kan sien, want ek wil uit haar eie hande eet."

2Sa 13:6 Amnon het gaan lê en hom siek gehou. Toe die koning kom kyk hoe dit gaan, het Amnon vir hom gevra: "Laat my suster Tamar tog asseblief vir my twee hartvormige broodjies hier voor my kom bak sodat ek dit uit haar hande kan eet."

2Sa 13:7 Dawid het 'n boodskap na Tamar by haar woonplek gestuur: "Kom tog na jou broer Amnon se woonplek toe en berei vir hom 'n ete voor."

2Sa 13:8 Tamar het na haar broer se huis toe gekom terwyl hy op sy bed gelê het. Sy het deeg gevat en geknie en die broodjies voorberei en gebak waar hy dit kon sien.

2Sa 13:9 Maar toe sy die pan neem en dit vir hom neersit, het Amnon geweier om te eet. Hy het beveel: "Gaan julle ander almal weg hier van my af." Toe hulle weg is,

2Sa 13:10 het Amnon vir Tamar gesê: "Bring jy die kos hier na die kamer toe sodat ek dit uit jou hand kan eet." Tamar het die broodjies wat sy gereed gemaak het, na haar broer in die kamer gebring.

2Sa 13:11 Net toe sy naby hom kom om hom te laat eet, gryp hy haar vas en sê vir haar: "My suster, kom lê hier by my."

2Sa 13:12 "Nee, my broer," sê sy vir hom, "moet my nie onteer nie, want so iets word nie in Israel gedoen nie. Moet nou nie 'n dwaas ding doen nie."

2Sa 13:13 Hoe sal ek my skande kan wegsteek? En jý sal in die oë van Israel 'n dwaas wees. Praat liever met die koning, want hy sal ons toelaat om te trou."

2Sa 13:14 Amnon wou nie na haar luister nie. Hy het haar gepak en verkrag.

2Sa 13:15 Maar daarna het hy haar verag; hy het 'n groot afsku in haar gekry, en sy afsku was baie groter as sy verliefdheid. Hy het toe vir haar gesê: "Loop!"

2Sa 13:16 Maar sy sê vir hom: "Moenie die skande wat jy my aangedoen het, vererger deur my weg te jaag nie." Hy wou nie na haar luister nie

2Sa 13:17 en beveel toe sy slaaf wat hom bedien: "Smyt hierdie vroumens uit en sluit die deur agter haar!"

2Sa 13:18 Volgens die gebruik van koningsdogters wat nog maagde was, het sy 'n lang mantel met moue aangehad. Nadat die slaaf haar uitgesit en die deur gesluit het,

2Sa 13:19 het Tamar stof op haar kop gegooi. Sy het haar lang mantel geskeur, haar hand op haar kop gesit en sover sy loop, het sy geskreu.

2Sa 13:20 Haar broer Absalom het toe vir haar gesê: "Was jou broer Amnon by jou? Toe maar, my suster, bly nou maar stil. Hy is jou broer. Moet jou nie hieroor verknies nie." **Tamar het toe in haar broer Absalom se huis gaan bly en sy was 'n wrak.**

2Sa 13:21 Koning Dawid het van alles gehoor en hy was woedend.

2Sa 13:22 Absalom het nie 'n enkele woord met Amnon gepraat nie, maar hy het hom gehaat omdat hy sy suster Tamar onteer het.

Skriflesing: 2 Samuel 13: 1 -22Teks: **2 Samuel 13: 20c**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 36:2,3****TYDENS EREDIENS – Ps. 98:1,2; Ps. 32:1; Ps. 36:1; Ps. 118:8**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om te hoor dat 'n ander mens was 'n wrak, is 'n harde uitspraak. In Suid-Afrika is hier baie mense met wat rondom ons aan die gang is, ook met dinge wat al met baie mense gebeur het, as wrakke beskryf kan word. 'n Vierjarige dogtertjie raak voorverlede week in Benoni vermis. Op die einde as hulle haar dooie liggaampie opspoor dan het net haar toontjies bo die grond uitgesteek. Haar ander afgesnyde been op 'n ander plek, die res van haar liggaamsdele weer op 'n ander plek begrawe. 'n Vierjarige kind so wreedaardig vermoor. Voor verlede week verloor gelowige ouers albei hulle dogters in 'n motor-ongeluk in Jan Kempdorp. Wat gaan van die ouers oorbly, het paar mense al aan my gevra?

Die gebeure in 2 Samuel 13 kon net sowel in gister se koerant gestaan het. Dit lyk so eie aan die Suid-Afrika wat ons elke dag mee te doen het waar die geweld veral teen vroue en kinders sulke afmetings aanneem wat ons laat besef om te praat van die mens is eintlik innerlik goed, is die grootste twak onder die son. Die goeie moet net gestimuleer word, is uitsprake om van naar te word. Dit gemeet teenoor wat ons belydenis oor die mens sê - Sommer baie vroeg in ons belydenis hoor ons hoe ons as mense van nature is ...ek dit self moet bely... ***ek is van nature geneig om God en my naaste te haat ...*** ook Sondag 3 bely die nature van die mens ***ons natuur het so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word*** Vraag 8 van die Kategismus stel dit baie sterk – ***Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goed te doen nie en tot alle kwaad geneig is?*** Hoor u die vraag, ons, ek en jy, is ook tot alle kwaad geneig. Is dit maar net die moordenaar van Bokgabo Poo, is dit maar net Amnon wat Tamar so seergemaak het, wat sulke haatlike mense is?!

Het hy maar eerder ook vir Tamar vermoor, sou sekere vroue dalk gesê het, dan was haar lewe daarna nie 'n wrak nie! Ons as mense maak snaakse uitsprake, ons probeer geweld en seermaak en moord op allerhande maniere vertolk en verwerk. Maar ons sukkel om eintlik te verstaan, hoekom gebeur hierdie verskriklike dinge in 'n wêreld wat verskriklik is. Party van ons aardse vrae vererger eintlik nog ons logika, want logika is daar nie in hierdie verskrikkinge nie. Mense wat sê hoekom gebeur slegte dinge met sulke goeie mense? Om te maak asof sekere mense slegs goeie mense is! Wie is hulle as ek besef die Kategismus ken nie sulke mense nie! Mense wat van nature goed is nie. Waar pas ons in? Waar pas God in? Is daar 'n manier dat dit anders kan

wees? Is dit dalk maar van die vroeë wat ons op hierdie Sondag-oggend by ons voorbereiding vir volgende Sondag se Nagmaal moet probeer antwoord? Kom ons begin met die vraag-

Waar pas ons in?

Tamar was 'n wrak, het ons gelees. Die ander Afrikaanse vertalings stel dit 'n bietjie anders. Die ouer vertaling beskryf die res van haar lewe net gewoon dat sy 'n *verlatene* was, die 2020 Vertaling beskryf eintlik maar net iets van haar verdere alleenpad ... Ons lees gewoon ... *Tamar het in haar broer Absalom se huis gaan woon, 'n eensame vrou*. Ons voeg ons vanoggend by die 1983 vertaling, want besef ons, wat met Tamar gebeur het, kan nie met sagte woorde hanteer word nie. Opmerklik, die Septuaginta, maw die latere Griekse vertaling van die Ou Testament gebruik hier die woord $\chi\eta\rho\epsilon\acute{\upsilon}\sigma\alpha$ afgelei van die stam $\chi\eta\rho\epsilon\acute{\upsilon}\omega$ wat wys op iemand wat beroof is. Ons sou dit vryer kon vertaal as een wat van haar lewe beroof is. Dit wat werklik vir haar saak gemaak het, is van haar-af weggeneem. Sy is beroof. Die Hebreeuse teks geruik hier die stamwoord אָפּטוּן wat iets bevat van iemand is geestelik die woestyn ingedryf, sy is verlate, sy was verskrik, ja om te sê sy was 'n wrak kan as goeie vertaling aanvaar word.

Hier so is so baie dinge wat verkeerd gegaan het, so baie dinge wat heeltemal anders hanteer kon word. Absalom, Tamar se broer is baie kwaad, ja die res van hfst. 13 wat ons nie gelees het nie, gaan dieper op sy woede en die gevolge van sy woede in. Dit oor 'n periode van langer as 2 jaar, maar het u sy aanvanklike pastorale advies aan Tamar gehoor. Dit skreeu ten hemele as hy vir haar sê – *Toemaar my suster, bly nou maar stil*. Hoe kan hy van haar verwag om maar stil te bly?!

Ja, ons het verlede Sondag by die doop van 'n seuntjie gesê, die lewe bevat baie alleenpaaie. Ons het in Paulus se lewe kon hoor, hoe mense hom in die steek gelaat het. Ja, baie mense wat ons ook op ons lewenspaaie in die steek laat. Dit maak dat jou en my lewe dikwels 'n alleenpad is, ja 'n alleenpad om te bly by die dinge wat jy geleer het. 'n Alleenpad om te bly by wat jy in jou lewe geword het, as ons weer 2 Tim 3 vers 14 ook hier mag aanhaal. Tog was ons eerste gedagte, moet nie daarvoor stilbly nie. Paulus praat sy hart uit, openlik, duidelik laat hy vir Timotheus hoor die dinge wat op sy alleenpad werklik nou oor gepraat word.

Daarom Absalom om jou suster te wil stilmaak, om te sê *bly nou maar stil*, is nie waar die uitkoms en die versagting in baie groot seer sal wees nie. Ons sal wil sê Tamar jy moet juis nie stilbly nie. Tamar is soos die prooi van 'n spinnekop in die Amnon web ingetrek. Slu dit wat kamtige liefde dikwels genoem word.

Onthou ons moet Amnon en die posisie wat hy beklee het nie geringskat nie. Hy was beskou as die troonopvolger van sy pa. Inderdaad, 'n koningskind. Sy neef Jonadab het bemerk Amnon lyk nie gelukkig nie. Hierdie Jonadab word 'n vindingryke man genoem, die 2020 vertaling noem hom 'n uitgeslape man, of die ouer vertaling praat van 'n skrandere man, maar besef ons sy skrandereheid het hy ongelukkig heeltemal verkeerd aangewend. Dis teenoor Jonadab dat Amnon dan ook eerste sy geheime liefde verklaar, sy liefde vir Tamar. In werklikheid is sy ook nog boonop Amnon se halfsuster, sy en Absalom het wel dieselfde pa en ma gehad, hulle was volkome broer en suster. Jonadab was inderdaad uitgeslape want dis hy wat aan Amnon die raad gegee het om sy halfsuster onder die skyn van siekte sy kamer in te lok.

Ons kom ook agter Dawid het met hierdie oudste seun van hom, Amnon 'n naby pad geloop, want is Dawid die eerste wat deur Amnon se kamtige siekte mislei was, sodat Tamar naby hom kon kom. Koning Dawid, die kinders se pa gee die opdrag aan Tamar om vir hom ete te gee en natuurlik in sy kamtige siekte by te staan. Ironies hoe Amnon vroeg reeds die sluwe pad met kamtige liefde loop wat geen liefde genoem kan word nie. Hy wat nogal vir sy pa vra dat Tamar hartvormige broodjies hier voor hom moet kom bak en wil hy dit graag uit haar hande eet.

Tamar gehoorsaam gedwee, min wetende watter verskrikking op haar wag. Inderdaad soos 'n prooi is sy die Amnon web ingelei. Bak die brode voor hom, bied hom dit aan, maar sy moet nog nader aan hom kom, hy wil uit haar hande eet. Sy het dit gemaak waar hy dit kon sien, terwyl dit in die pan was wil hy steeds nie eet nie, ja sy het van hierdie boosheid en die boosheid van die bose man wat ons vandag ook gesing het, dit nie verwag nie. In sy kamer, die naaste wat sy aan hom kon wees, pleeg hy die walglike daad. Selfs in hierdie geweld is sy steeds die een wat smeek dat so iets word nie in Israel gedoen nie. Sy probeer haar op hulle moraliteit beroep, sy probeer haar halfbroer sy eie dwaasheid te laat insien, ja sy waarsku hom dat in Israel sal hy as dwaas beskou word. Die vrou alreeds in die seer van wat gebeur, maak selfs 'n

huweliksvorstel. Hoe die huwelik 'n ander ruimte skep in wat Amnon nou homself aan wil vergryp en toe-eien. Tamar was inderdaad nie net 'n mooi vrou nie, maar wat die pad van die lewe ook mooi wou loop. Hier besef ons hoe kan 'n enkele mens, ja 'n enkele man die lewe van hierdie vrou uit haar haal.

Inderdaad is sy beroof, nie net wat sy in haar lewe vir die huwelik wou koester nie, maar dié Amnon se verdere optrede is wat dit so veragtelik en walglik maak. Hy het haar gepak, verkrag en toe verag. Die mens word dierlik, slegter as 'n dier, as die sonde die oorhand kry. Ons lees sy afsku was na hierdie veragtelike daad baie groter as sy verliefdheid. Weereens besef ons, moet dit wat nie liefde kan wees nie, moet dit nie liefde noem nie. Ons mense kan so 'n gevaarlike spel met die liefde wil speel wat geen liefde kan wees nie. Inderdaad het hy die kamtige magtige man, haar van hom weggejaag. Sy slaaf moet nou haar soos 'n stuk gemors behandel. 'n Mens wat soos 'n stuk gemors behandel word, as die gemors wat die een veroorsaak het, werklik uit die hand van die ander wat net 'n bord kos wou aanbied, met bedaaagde rade misbruik word. Hoe 'n gemors as Amnon nie, wat die vrou as 'n gemors wil uitmaak.

Dis dié mens in hierdie verhaal. Die sonde gevalle, verdierlikte mens, wat veronderstel is om die beeld van God in reg, in liefde, in gehoorsaamheid te vertoon, maar waartoe is die mens in staat? In plaas van om profeet, priester en koning in diens van God te wees, is dieselfde mens, misdadiger, verkragter, moordenaar. Hy mislei ander en word ook weer self mislei as 2 Samuel 13 se einde ook weer Amnon se einde sou wees, want die einste Absalom het sy halfbroer doelbewus mislei om hom op sy suster te wreek.

Amnon het nooit by die troon uitgekom nie, maar is doodgeslaan. Die duiwel is 'n mensemoordenaar van die begin af, lees ons in Johannes 8 vers 44, maar die mens is dit ook van die begin af. Kyk maar wat het die eerste gebore mens op aarde, Kain, wat het hy met Abel gedoen. Die eerste moord is juis by 'n altaar, ja op godsdienstige terrein, in ons terme kan ons selfs sê, op kerklike terrein is die eerste moord bedink, betree en beoefen. Die mens wat so met die kerk en die liefde kan mors, dan word dit gevaarliker as dit wat reeds so gevaarlik is. Gevaarliker as die lewe daarbuite, dit wat dikwels binne die kerk aan die gang is. Dink daaraan-

Hoe gevaarlik was die dinge wat juis binne die paleis van Dawid se gange en kamers aan die gang was. Tamar was die wrak wat nooit hieruit sou kom nie! Hoe baie wrakke het dit wat die mens van kerk en van liefde kon oorhou, nie al langs die pad gelaat nie? Dis waar die mens inpas? Geliefdes as ons die dinge oordink, dan raak die vraag seker al dringender, dit ook voor Sondag se Nagmaal, vra ons die vraag-

Waar pas God in?

Daar is mense wat aan die hand van die vraag nie meer glo nie. Die verskrikkinge wat gebeur is so verskriklik dat hulle beweer of God is nie daar nie, of God is dood. Of God het nog nooit bestaan nie? Die boek van die oud-teoloog, ja in NG terme was hy gerespekteerd, maar skryf Ben du Toit 'n boek wat God self bevraagteken. *GOD... is daar 'n ander antwoord.* Hulle geloof glo nie meer in die lewe ná hierdie lewe nie, want het hulle hul geloof ingeruil nie vir ongeloof nie, want in werklikheid bestaan daar nie iets soos ongeloof nie.

Ons kry al meer die tipe mens wat glo dat hulle nie glo nie. Die een wat glo God bestaan nie, of God is nie daar waar dit regtig in my lewe baie verkeerd geloop het nie. Du Toit en het ander Afrikaanssprekende teoloë nou ook hulle stemme hierby wil voeg, dat waar Job ook verskriklike dinge in sy lewe oorgekom het ja woorde kan Job se lewe op aarde toe dit hel was, eintlik nie beskryf nie, maar al het Job God Self baie vrae wou vra, maar hy het God self nooit bevraagteken nie. Al het hy baie naby daaraan gekom, maar wil ek glo Christus het hom op die rand van hierdie afgrond bewaar.

Ons sien die mens, ja ons kan die mens nie werklik ken nie, wat God nou self bevraagteken? So min soos ons ware hel kan ken as ons seker nie self al daardeur moes gaan nie. Kom ons die woord "hel" dalk versigtiger gebruik, as ons bloot hiermee bedoel dié dinge wat jou lewe verskriklik swaar kan maak en alreeds verskriklik swaar gemaak het. So min kan ons die swaar van die mens ken en verstaan wat al swaarder as ek of iemand anders gehad het, wat voel waar Tamar was ... haar lewe was 'n wrak.

Ja, 'n wrak wat hier langs die Matsap pad lê, wat het daardie bakkie tot daar gebring, het ek al dikwels gewonder as ek daar verbyry. Nooit sal daar seker weer een wees wat daardie bakkie gaan wegsleep nie, want al wat daardie bakkie is, is 'n wrak. Hoe baie wrakke het u al in u lewe

gesien. Dink vir 'n oomblik daaraan dat sulke wrakke mense kan wees?! Waarmee sal ek die mens wil weghelp, ja waarmee kan ek die mens help wie se lewe eintlik maar soos daardie bakkie is, 'n wrak! Daarom al kan ons die vraag waar God inpas nie self antwoord nie, want moet nie vroe probeer antwoord, wat God alleen kan antwoord nie. Ons is nie God nie, ja het Job ook besef ek kan nie God dien ter wille van wie ek is, of ek dien God ter wille van my omstandighede om dit beter te kry nie, of ek dien God om tog net beter en sterker en ryker in my lewe te wees nie. Wie dit só wil doen, is ook 'n wrak al weet die mens dit self nog nie eers nie.

Ons kan en mag God alleen dien, nie ter wille van wie ons is nie, of om my omstandighede te verander of te verbeter nie, maar ons dien God ter wille van Wie God Self is. As ek en jy by hierdie voorbereiding by so 'n soort van 'n antwoord kon uitkom, dan het ons al baie kon hoor en raaksien, juis alleen vanuit God se Woord, in waar God Homself voeg. Want dit gaan nie oor waar ons God wil inpas nie, maar dit gaan om waar God Homself voeg, daar waar God Homself openbaar, daar waar God se wil bestaan in waar Hy Homself gaan voeg en nie waar ek en jy Hom wil inpas nie. Daarom is die gebed *laat U wil geskied*, nooit maar nog nooit, 'n ligtelike gebed gewees nie. Mag hierdie belydenis (en gebed) al gedeeltelik die antwoord begin vorm op ons laaste vraag vandag -

Is daar 'n manier dat dit anders kan wees?

Ons as mense moet ons kant van ons optrede goed raaksien en ophou om te doen wat nie gedoen mag word nie. Om jou teen God of teen mense te probeer verhard gaan jou en my nêrens bring nie. Dawid wat veronderstel was om koning te wees, ja aanvanklik die grote Dawid, hy was 'n tyd in sy lewe goeie koning gewees. Maar ná Dawid se sonde met Batseba is dit asof die hartseer van sy lewe soos fonteine oopgebreek het, geen vars water nie, maar brak en sout soos die see se golwe. Dit hou net nooit op nie. Hoeveel van sy kinders is dood, hoeveel het 'n gemors van hulle lewe gemaak, ja hoeveel mense maak vandag nog 'n gemors van hulle lewe.

Ons lees in 2 Sam 13 eintlik net Tamar wat regtig nie daarna gesoek het nie, maar hoe seer het sy nie gekry nie, vanweë ander se gemors. Haar broer Absalom, haar halfbroer Amnon, op die einde was hulle eintlik ook maar wrakke soos wat Tamar dit self van buite beskryf word, alhoewel sy nie daarna gevra of daarna gesoek het nie, maar sy het dit geword. Tragies dit wat 'n

mens word wat hy/sy eintlik nie na gesoek of gevra het nie. Hoekom gebeur dit, hoe hanteer ek dit, is die vraag wat ons vandag aanhoudend soos 'n gevreesde siekte nie kan wegpraat nie.

Tamar wat ironies die prinses moes word, word die wrak. Die vraag wat doen as ons as mense, laat ons die vraag nog skerper gevra, wat doen die ware Kerk van die Here dat dit anders kan wees? Moet ons soos Absalom word en die mens wat werklik seergekry het, aanbeveel om tog nou maar net stil te bly. Watter skande, watter verskrikking as ons by daardie punt gekom het.

Ons as Kerk moet 'n slag behoorlik na onself kyk. Help waar werklik gehelp moet word, maar moet nie maak soos Dawid, die Dawid na Batseba, hy sien die baie slegte dinge van sy kinders maar hy doen eintlik niks daaraan nie. Eli het met sy seuns dieselfde gedoen en 'n duur prys daarvoor betaal. Almal bly maar net stil of beveel andere om stil te bly. Hoe tragies, hoe verskriklik!

Op die heiligste van heilige terreine het God sy Seun vir ons sonde gestraf, ja die straf wat ons moes dra, het Hy gedra. Ons straf het op Jesus neergekom, Hy God se Kind! Het u wel agtergekom een ding wat die Vader sy Seun in sy verskriklike lyde nooit aangemoedig of beveel het nie, is om stil te bly. Die Seun wat kon vra as dit die Vader se wil is, laat hierdie beker tog by my verbygaan. Ja, dit was nie die Vader se wil nie, want as dit sy wil moes wees, was geen Nagmaal ooit op hierdie aarde moontlik nie. Steeds, al het Christus die verskriklike moes ly, is Hy nooit beveel bly nou stil nie. Uit die hel mag die Seun nog gepraat het, ja het Hy ook gepraat, uit die hel vra Hy, *My God, my God waarom het U my verlaat?*

Die vraag na hoe dit anders kan wees, is om werklik te glo, God is nie maar net die vraag na 'n ander antwoord nie. God Self is die antwoord. Dink aan die verskrikking wat God oor sy eie Seun laat kom het, juis omdat Hy ons liefhet, dit wat ons by Nagmaal mag uitbring. Die bekende Joh. 3 vers 16- 16 *“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.* Amnon se liefde was siek, God se liefde is wat ware liefde is - Sy eie Seun gekruisig, gesterf en begrawe omdat liefde 'n taal praat wat woorde nie kan praat nie. God se liefde is bewys en mag nie goedkoop

gemaak word nie! As u by die Nagmaal kom mag die liefde ook met jou die taal praat wat
woorde nie kan praat nie.

AMEN